LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

21 Mei 2017

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Ds Petrie de Villiers

SESDE WEEK IN PAASTYD
Fokusteks uit Leesrooster: Joh 14:15-21
RCL tekste: Hand 17:22-31;
1 Pet 3:13-22; Ps 66:8-20
Deurkollekte: Gemeente-ontwikkeling

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

Sanel & Hennie: Gr 1 tot 4 in saal
Karin: Gr 5 in Klaskamer op verhoog
Jackie & Lizeri: Gr 6 in die "Gat"
Liesbet: Gr 7 in die "Gat:

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 0827068642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 in Kerk @ 17:45:

Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Petrie vir boodskap

- Vir reën, vir SA & volkome toewyding aan Jesus Christus. Dankie Heer vir die reën wat U reeds gestuur het!
- Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen & Owen Wallis & Amanda Vosloo; Sannie le Roux; Annette Laten
- Christine Steenberg (herstel na operasie)
- Jan Volschenk herstel na operasie
- Carel Smit in Spescare
- Anna vd Westhuizen (HJS)- gesondheid

FOKUSTEKS: Joh 14:15 - 21 -
Wat vra dit van jou / wat kos dit jou om God Drie-Enig te kry om in jou te kom woon? Jesus se eenvoudige antwoord is "liefde". (vs. 15)
In Jesus se prediking en in sy lewe, draai alles om liefde. Dit is met daardie doel – dat sy volgelinge vir Hom sal lief bly en sal doen wat Hy vra, dat Jesus vir hulle die "ander Voorspraak", die Heilige Gees, stuur. (vs. 16) Die woord wat gebruik word: "Voorspraak", (in Grieks Parakletos) kan vertaal word met Helper, Pleitbesorger, Voorspraak (die een wat namens jou praat) of Advokaat. In 'n taal wat in Midde Afrika gepraat word, het die Bybelvertalers gesukkel om hierdie woord "Voorspraak" te vertaal. Hulle het later die probleem opgelos gekry, toe hulle sien dat wanneer mense swaar vragte in die bos indra, daar altyd iemand is wat op daardie oomblik nie 'n vrag dra nie. Wanneer een van die draers te moeg geraak het en nie meer verder kon gaan nie, het hierdie persoon dadelik ingespring om sy vrag te dra. Hy is in daardie taal genoem: ***"die een wat langs jou neerval en jou vrag optel wanneer jy nie meer kan nie***." Dit het vir hulle die woord geword waarmee hulle die woord "Voorspraak" vertaal het. - Willem Botes -

GEBEDSTEMA: MEI 2017
DOELGERIGTE LEWENSREIS

REIS MET DIE REGTE GESELSKAP:
Joh. 14:15-21 Vers 16: "Ek sal met die Vader praat. Hy sal vir julle n spesiale Helper stuur. Hierdie Helper ken net een pad en dit is die pad van die waarheid."
GEBED: Dankie Jesus vir U Helige Gees wat ons nooit alleen sal los nie maar altyd by ons sal wees.
BELOFTE: Julle hoef nie bekommerd te wees nie. Ek los ook vir julle 'n geskenk wanneer Ek weggaan: VREDE. Daarom hoef julle nie gespanne of self bang te voel oor die toekoms nie.

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3
@ Konsistorie of Raadsaal.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4
@ Konsistorie of Raadsaal.

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021-853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 0825522423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!



Kontak: Joubert van Tonder @ 0829492045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:
Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

LOURENSRIVIER GEMEENTE SE GEBEDSHART KLOP WARM!

Ons nooi almal uit om deel te word van ons Gebedsaksie.
Enige iemand is welkom om elke Sondag-oggend saam te kom intree en voorbidding te doen vir leraars, gemeente, gemeenskap en nog meer.
Die Bidders kom elke Sondag voor die diens om 08:30 in die Raadsaal bymekaar, waar almal saam in gees voor die Here staan en so ook saam groei. Jy kan ook saam kom bid op 'n Woensdagoggend @ 09h00 in die kerk.
BINNEKORT gaan ons ook weer 'n Gebedstap hou na kerk, so hou solank jou tekkies byderhand.....

Navrae: Joubert van Tonder @ 0829492045

HUWELIKE EN VERHOUDINGS

Volgende week, vanaf 29 Mei - 4 Junie, hou ons 'n spesiale Pinkster Reeks in die gemeente, wat gelei word deur Dr Francois Hanekom.

Die tema is "My houding in my verhoudings."

Indien jy in enige verhouding staan - met jou huweliksmaat, jou vriend of vriendin, jou kinders, jou ouers, jou vriende, jou werkgewers of werknemers - dit beteken elkeen van ons, dan is hierdie tema net vir jou.

Maak nou reeds 'n aantekening om elke aand van 29 Mei tot 1 Junie om 19:00 asook Sondag, 4 Junie om 09:00 in die kerk te wees om te kom leer om te bou aan jou verhoudings.

Navrae: Willem & Annalie Botes (0836582154)

ACVV Huis Jan Swart *hou basaar op 27 Mei 2017 van 09:00 - 13:00. Op vooraf bestelling – skaap op die spit; baba -aartappels; patat en wortels/ertjies @ R60-00 per bord. Pannekoek; basaarpoeding; gebak; boereworsrolle; frankfurter-rolle; brekfis buns; Kerrie en rys; kinder-, handwerk- en witolifant tafels. Tee/ koffie met skon of muffin. Kom geniet die oggend saam met ons!" H van der Merwe, Hoof: (021 854-3763)*

Praatjie @ Strand Dienssentrum,
De Villiersstr. 30, Strand
Spreker: Susan Vlok van AVBOB
Wo. 7 Jun. '17 (09h30 vir 10h00)
Bring julle begrafnisboekies saam (boekies kan tot meer as R10 000 werd wees!) Gratis tee/koffie
021-8544552

Jy kan nou die **ZAPPER selfoon toepassing** as ‘n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik.

Laai die “APP” gratis af van jou selfoon se “app store”
Jy sal van elke transaksie ‘n epos van Zapper ontvang.

Vir meer inligting of navrae, kontak
Charlene @ 021 853 5991

VOEDSELFEESWA SE WIELE BEGIN ALWEER ROL....

Onthou jy nog? Ons Voedselfees van 2017. Met dank aan ons Hemelse Vader, is daar met ‘n groooot poging, hardewerk, saamwerk en lekker lag die mooi bedrag van R103,731 ingesamel vir Sy Koninkryk.
Ons gemeente se voedselfeeswa word weer stadigaan uitgetrek en afgestof.....
Ons skop hierdie jaar af met ‘n heerlike **AANSIT-ETE** op 23 Junie 2017. Ons wil dit ’n gesellige saamkuier maak met heerlike Bobotie en Geelrys met groente asook smaaklike poeding vir slegs R50-00.
Pak asb ’n mandjie met julle eie bord, poedingbakkie, eetgerei, glas en drinkgoed. Om die aand verder op te vrolik, wil ons prettige vermaak en verrassings ook optower.
Kontak asseblief die kerkkantoor (021 853 5991) vir kaartjies.
Indien jy nie die kaartjies kan kom afhaal nie, maak ons alternatiewe reëlings. Help ons asseblief om ’n sukses van die aand te maak!!!
KAARTJIES sal beskikbaar wees tot 15 JUNIE @ 12h00

VERSOEK: Die wiele begin rol met voorbereidings vir die Voedselfees op 2 Sept. Ons benodig sameroepers vir die volgende tafels asb:
- Roosterbroodjies
- Tradisionele geregte en slaaie
- Kruie- en groenteplantjies

As daar van julle is, wat ons graag wil help, kontak asb vir:
Gerda de Villiers – 021-8547191 / 0824664766
Apolonia Maritz -021-8537560 / 0825077091

PRINTING SPONSORED BY
PAM GOLDING PROPERTIES

Edelweiss Hankey 083 252 1964
edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
pamgolding.co.za

PAM GOLDING
PROPERTIES